




Verhale van Antieke Wêrelde


Die Wagter van Rapa Nui



Op die Polinesiese eiland Rapa Nui, ook bekend as Paas eiland, is van die wonderlikste en mees unieke standbeelde in die wêreld se geskiedenis. Die standbeelde staan bewaak oor die eiland, met hul rug na die see gedraai, hulle is die moai. Die hoogste moai word Paro genoem. Dit is amper 10 m (30 voet) lank en weeg soveel as 50 motors.



Daar is ook nie net drie of vier van hierdie kolossale standbeelde nie, meer as 900 is uitgekerf. Alles op 'n klein eiland met 'n klein bevolking. Die mense van Rapa Nui het baie moeite gedoen om hierdie moai te kerf en te verskuif. Spanne ambagsmanne sou hulle uit die kant van 'n vulkaan in die Rano Raraku uitgrawe.



Een vraag wat argeoloë en geskiedkundige al lank pla, was hoe
het die mense van Rapa Nui, die moai van die kant van 'n
vulkaan af na die strand geskuif het.



Die Rapa Nui-mense wat op die eiland gewoon het, was gevra wat hulle dink het gebeur. Hulle het gesê die standbeelde het af gestap.

Argeoloë wat nie van die eiland was nie, het 'n bespotting van die idee gemaak. Hulle het vermoed die moai deur 'n slee beweeg was, of was dalk op rollers gestoot, maar elke keer as hulle dit op die proef gestel het, het hulle misluk.



Uiteindelik het 'n span argeoloë, insluitend die voormalige Rapa Nui goewerneur, Sergio Rapu Haoa, probeer om die standbeelde te loop. Hulle het moai wat nog in die steengroewe was, ontleed, moai wat langs die pad geval het, en moai wat tot by die kus gekom het. Ná 'n ondersoek het hulle besef drie spanne mense kan die moai in die pad afstap deur versigtig aan toue te trek. Dit wys net dat argeologie die beste werk wanneer plaaslike kennis met wetenskaplike metodes gekombineer word.



So hoekom het die Rapa Nui al hierdie tyd spandeer om moai te bou? Wat het dit vir hulle beteken? Dit is nie 'n maklike vraag om te beantwoord nie, maar om te verstaan hoe en hoekom mense dinge doen, is een van die interessantste dele van argeologie. Die moai het noemenswaardige voorouers van die Rapa Nui-mense verteenwoordig.



Hulle samelewing was volgens rang georganiseer, en konings is met groot respek bejeën. 'n Magtige koning sou sy volgelinge 'n moai laat kerf ter ere van hom en om sy voorvaders te eer. As gevolg hiervan is moai soos 'n historiese rekord, en gaan al die pad terug na die eerste konings en stamhoofde van Rapu Nui, soos Hotu Matu'a, wat die eiland die eerste keer gevestig het.



Daar was selfs 'n element van kompetisie wanneer die moai sou bou. Mededingende konings sal graag gesien wil word, hulle sou die grootste en mees uitgebreide standbeelde bou om hulle te beïndruk. Konings hou daarvan om te spog! Daar was dalk ook 'n baie praktiese rede vir die bou van moai. Een van die uitdagings om op 'n klein eiland te woon, is dat dit maklik kan wees vir kos om op te raak. Jy het nie veel grond om op te plant nie, en groot storms kan die gewasse wat jy verbou, beskadig.



Daar was selfs 'n element van kompetisie wanneer die moai sou bou. Mededingende konings sal graag gesien wil word, hulle sou die grootste en mees uitgebreide standbeelde bou om hul bure te beïndruk. Konings hou daarvan om te spog! Daar was dalk ook 'n baie praktiese rede vir die bou van moai. Een van die uitdagings om op 'n klein eiland te woon, is dat dit maklik kan wees vir kos om op te raak. Jy het nie veel grond om op te plant nie, en groot storms kan die gewasse wat jy verbou, beskadig.



As gevolg hiervan was die Rapa Nui uitstekende boere. Hulle het klein rotstuine gebou om voedingstowwe vas te vang en hulle veilig te hou teen die wilde, stormagtige weer van die suidelike Stille Oseaan (niemand wil tog 'n vrot patat eet nie).

Die moai het dalk ook in hierdie proses gehelp. Een van die beste plekke op die eiland om gewasse te verbou, was op die vulkaan Rano Raraku, dieselfde plek waar die standbeelde gegrawe was.



Argeoloë en bioloë het die grond daar opgegrawe en daarin gekyk vir antieke sade en stuifmeel. Hulle het gevind dat Rano Raraku vol patats, kalbasse en piesangs was – alles wat Rapa Nui graag geëet het! Dit blyk dat die kerfwerk van moai baie rotsstof en poeier geskep het, wat die grond uitstekend gemaak het vir die kweek van voedsel.



Jy kan sê die moai het die Rapa Nui op twee maniere beskerm.
Eerstens het hulle as voogde van die mense opgetree en hulle geestelik gelei. Tweedens het hulle gehelp om 'n lekker gekookte aandete met piesangs vir nagereg te verskaf.



Die Gigantiese Inka Ryk



Ten spyte daarvan dat hulle net sowat 100 000 mense getel het, het die Inkas die grootste ryk in die geskiedenis van die Amerikas gebou. Dit het 1500 myl (2500 km) gestrek vanaf die vogtige oerwoude van Colombia, oor die berge van Peru en deur die droë woestyne van Chili. So 'n diverse ryk het 'n fassinerende beskawing geskep.



Suid-Amerika

Die Inka-ryk het die weste van Suid-Amerika oorheers. Die Inkas het begin uitbrei met die bestyging van Pachacuti Inca Yupanqui ("Omkeer van die Wêreld") na die Inca-troon in 1438 nC.



Aanvoel van 'n patroon

Inka-tekstiele is wêreld bekend. Die vroue wat goed was met weef, is die accla genoem. Hulle het in die acclawai, of "huis van uitverkore vroue", gewoon en klere vir die weermag, die adel en die keiser vervaardig.



Inka Keiser

Die Inka-keiser was die Sapa-Inka genoem. Hy het in die hoofstad Cuzco gewoon en het 'n luukse lewe gelei; die lekkerste feesmaal gehad, uit goue bekere gedrink en net die beste klere gedra en het die Mascaipache – Inca-kroon gedra.



Rekordhouding

Die Inkas het hul ryk georganiseer deur gebruik te maak van quipus, of knooprekords. Elke tou en knoop het iets anders beteken. Sommige was soos 'n alfabet wat geskiedenis kon opteken, terwyl ander gebruik was om voorraad te lys.



Op die rand

Die Inkas was ongelooflike boere, al het baie van hulle hoog in die Andesberge gewoon. Hulle het terrasse gebou om die onherbergsame terrein in die perfekte omgewing vir hul gunsteling kos te verander – aartappels. Die grond is onder drie groepe verdeel; plase vir die tempels, plase vir die koning en plase wat deur gewone mense besit word.



Paaie

Om die weermag en goedere te verskuif het die Inkas 'n groot pad netwerk gebou. Daar was selfs 'n stelsel van afloslopers, genaamd chasquis, wat boodskappe oor lang afstande kon kommunikeer. Hierdie hardlopers kon 'n boodskap tot so ver as 150 myl (240 km) in 'n enkele dag stuur.



Die Raaisel van Machu Picchu



Die Amerikaanse ontdekkings reisiger Hiram Bingham en sy Peruaanse gidse, Melchor Arteaga en sersant Carrasco, het ure lank gestap. Terwyl hulle deur plantegroei gekap en langs verraderlike bergpaadjies gekruip het, kan enige verkeerde tree hulle in die vallei hieronder laat val. Dit was 1911 en hulle was op soek na die laaste hoofstad van die Inka-ryk, maar hulle het op iets baie meer ongeloofliks afgekom – die stad Machu Picchu.



Toe hulle die hoogste deel van die berg nader, het hulle 'n boer teëgekoms wie se 11-jarige seun Pablito gesê het hy ken die pad na 'n antieke paleis. Pablito het verder na die groep gelei, langs 'n Incan-pad.



Toe hulle bo kom, kon hulle hul oë nie glo nie. 'n Hele Inca-paleis
wat bo-op die berg uitgeknap is.



Machu Picchu was 600 jaar gelede vir die Inca-keiser Pachacutec gebou en was waarskynlik sy vakansie huis. Dit het alles gehad wat 'n keiser nodig sou hê: plase gebou op terrasse vir vars kos, 'n tempel vir die koning om met die gode te kommunikeer en bowenal vrede en stilte!



Dit was 'n afgeleë ligging en was nie maklik bereikbaar nie. Dit was so moeilik om daarby uit te kom dat die Spaanse indringers wat in die 16de eeu daar aangekom het dit nie gevind het nie. Dit het beteken dat toe Hiram en Pablito verskyn het dit nog meestal ongeskonde was.



Daar was baie ongelooflike artefakte tussen die ruïnes, insluitend silwer tupu, spelde wat ryk Inkas gebruik het om hul klere vas te maak (jy wil nie hê jou broek moet af val daar bo op'n groot berg nie).



Hiram het met die Peruaanse regering ooreengekom dat hy hierdie artefakte na die Yale-universiteit in die Verenigde State kon terug neem, waar hy gewerk het, op voorwaarde dat wanneer Peru dit terug vra, dit terug gegee sal word. Maar Yale het hulle uiteindelik vir meer as 100 jaar gehou. Uiteindelik is die artefakte na Peru terug besorg en die wonderlike skatte van die Inka-ryk is nou die tuiste waar hulle hoort.





THINK
DIGITAL ACADEMY

